# Knysna Spesialis Narkotiseurs

www.knysnaanaesthetists.co.za

## Epidurale Inligtingstuk



U gaan `n epidurale inspuiting kry vir een van die volgende redes:

1. Deur u ortopeed aanbeveel as behandeling vir u rugprobleem.
2. As deel van u post-operatiewe of obstetriese/Verloskunde pynbeheer.

Epidurale inspuitings is `n baie effektiewe en veilige metode om pyn te beheer. Die epidurale inspuiting word deur u Narkotiseur toegedien wat dan ook die tegniek aan u sal verduidelik. Opper asb enige vrae tydens die pre-operatiewe besoek aan die Narkotiseur. U sal gewoonlik gevra/gehelp word om regop te sit vir die uitvoering hiervan. Ons gebruik locale verdowingsmiddels om die area waar die epidural gedoen word, te verdoof; so u hoef nie bekommerd te wees oor pyn nie.

n Epidurale pynpomp word soms gekoppel vir langtermyn pynbeheer in die saal of selfs die Intensiewe eenheid.

Hier volg `n lys van komplikasies wat kan voorkom met die toediening van epidurale inspuitings. Ons is uiteraard baie versigtig met die toediening van epidurale inspuitings, maar komplikasies kom ongelukkig tog soms voor en die behandeling hiervan kan verdere kostes vir u meebring.

### Algemene komplikasies:

1. **Kardiovaskulêr:** U bloeddruk mag daal en u mag duiseligheid ervaar. Ons is bedag hierop en hanteer dit gewoonlik vinnig en effektief.
2. **Naarheid**
3. **Bewe**
4. **Urienretensie:** Soms sukkel pasiente om te urineer na `n epidurale inspuiting en u mag nie huistoe gaan voordat u nie spontaan urineer het nie. Dit mag soms nodig wees om vir pasiente n blaaskateter ion te sit  en dat u in die hospitaal moet oornag. Indien u `n epidurale pynpomp kry sal u `n blaaskateter kry wat eers verwyder word as die epidurale toediening van middels gestaak word.

### Skaars komplikasies:

1. **Gefaalde blok:** Dit mag gebeur dat die epidurale inspuiting nie die mate van pynverligting bring as wat verwag word nie. In so geval sal ons die epidurale

medikasie se dosering wysig en  alternatiewe metodes van pynverligting gebruik.

2. **Hoofpyn:** Soms word die vliesie om die rugmurgsak raakgesteek. Vog wat hieruit lek kan veroorsaak dat u hoofpyn mag ervaar. Die behandeling is bedrus vir `n paar dae, maar as dit nie help nie spuit ons onder steriele omstandighede in die teater van u eie bloed in hierdie spasie om die lekkasie van vog af te seël.
3. **Rugpyn:** Om die epidurale spasie te bereik steek ons `n naald deur die ligamente en sagte weefsel in die rug. Dit veroorsaak soms oppervlakkige rugpyn van wisselende duur.
4. **Verlengde of digte blok:** Ons poog om so min moontlik lokale verdower te gebruik sodat u nog gebruik van u ledemate het. Soms kry ons `n blok wat langer duur as verwag en ook `n tydelike verlammende effek mag hê.

## Uiters skaars komplikasies:

1. **Hematoom (bloeding):** Daar kan klein bloedvaatjies raakgesteek word met die epidurale naald. Soms mag dit `n aanhoudende bloeding veroorsaak met drukking op die rugmurg en potensieel verlammend kan wees as dit nie behandel word nie.`n MR ondersoek sal gedoen word as ons so `n probleem vermoed en die hematoom moet dan so spoedig moontlik dmv `n rugoperasie verwyder word. Meld asb aan u Narkotiseur indien u enige middels gebruik (ook kruie medisyne) wat u bloedstolling kan beïnvloed of as u geneig is om maklik te bloei. Dit kan die risiko van epidurale hematoom verhoog.
2. **Spinale blok/hoë blok:** Indien die lokale verdower in die rugmurgvog beland kan ons `n baie digte blok kry met tydelik verlammende effekte van die arms of asemhalingspiere.
3. **Sepsis:** Alhoewel ons uiters steriel werk is daar `n klein moontlikheid dat daar `n oppervlakkige infeksie van die vel of selfs `n abses om die rugmurg kan ontstaan.
4. **Senuweeskade:** Dit kan onstaan met die plasing van die epidurale naald of epidurale kateter. Noem asb aan die Narkotiseur indien u enige oormatige ongemak of pyn ervaar tydens die uitvoer van die prosedure.
5. Die epidurale kateter kan binne-in die rug vassit of selfs afbreek tydens pogings om dit te verwyder. `n Operasie mag dan nodig wees om dit uit te haal.
6. Daar is ook nog `n paar ander uiters skaars komlikasies wat gedokumenteer is.

U mediese fonds mag dalk glad nie, of slegs gedeeltelik betaal vir genoemde epidurale inspuiting. Neem asb vrymoedigheid om die kwessie met ons te bespreek.

Ek verklaar hiermee dat ek die inligtingsstuk deurgelees het, die inhoud hiervan verstaan en enige onduidelikhede met my Narkotiseur bespreek het. Hiermee gee ek toestemming vir die toediening van `n epidurale inspuiting op myself/afhanklike.

Patsiënt plakker

Naam:
ID nr:
Pos adres:

E-pos adres:

Handtekening (pasiënt/
ouer/voog): ___________________________________

Plek: ________________________________________

Datum: ______________________________________